



HOËRSKOO WATERKLOOF

HOËRSKOO WATERKLOOF
Posbus 25085
MONUMENTPARK
01051

TELEFOON :012 347 0277
FAKS :012 347 0279
E-POS :klofies@klofies.co.za
WEBBLAD :www.klofies.co.za

NAVRAE:
MNR. J. MOLLENTZE
jan.mol@klofies.co.za
DEPARTEMENTSHOOF
OPVOEDKUNDIGE LEIDING

2023

INHOUD

1. DIE GRAAD 10-VAKKEUSEPROGRAM	3
2. INLEIDING	6
3. SINVOLLE VAKKEUSE	6
4. SELFKENNIS	6
4.1 Individuele verskille	6
4.2 Skolastiese vermoë	6
4.3 Aanleg	6
4.4 Belangstelling	7
5. DIE ONDERWYSSTELSEL	7
5.1 Skoolfases	7
5.2 Die vakkeuse vir graad 10 tot 12	7
5.2.1 Vakke	7
5.2.2 Algemene opmerkings	7
6. HOÛRSKOOL WATERKLOOF SE MODEL VIR VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING	8
7. HOÛRSKOOL WATERKLOOF SE MODEL VIR KLEINGROEPONDERRIG	9
8. GROEP A - VIER VERPLIGTE VAKKE	10
9. GROEP B - KEUSEVAKKE: KIES ENIGE DRIE	14
10. ALPHA WISKUNDE (SLEGS AANGEBIED AS AGTSTE VAK)	30
11. NASKOOLSE OPLEIDINGSVEREISTES	31
11.1 Vereistes vir toelating tot tersiëre onderwys	31
11.2 Universiteit	32
11.3 Universiteit van Tegnologie	33
11.4 Onderwyseropleiding	32
11.5 Ander akademiese instellings	32

VIDEO-VERDUIDLING VAN DIE VAKKEUSEBOEKIE DEUR MNR. MOLLENTZE

1. DIE GRAAD 10-VAKKEUSEPROGRAM

- 'n Graad 9-aanlyn vakkeuse-inligtingsessie via TEAMS vind op **MAANDAG 29 MEI 2023** vanaf **18:00 tot 19:00 aanlyn plaas** waar daar ook 'n geleentheid vir vrae sal wees. Die TEAMS-skakel sal op ons webwerf (www.klofies.co.za) beskikbaar wees.
- Na afloop van die graad 9-aanlyn vakkeuse-inligtingsessie op **Maandag 29 Mei 2023** sal elke ouer op **Dinsdag 30 Mei 2023** 'n e-pos met 'n skakel na u kind se graad 10-vakkeuses vir 2024 ontvang. Indien u nie die skakel ontvang nie kan u die skool 'n e-pos stuur by graad10vakkeuses@klofies.co.za om die e-posinligting op te dateer om wel die relevante skakel te ontvang.
- **Let wel:** Die **KGO-aansoekproses** sal in September 2023 plaasvind. Enige navrae kan gestuur word aan mnr. Manie Janse van Rensburg by manie.jvrensborg@klofies.co.za.

DIE ONDERSTAANDE STAPPE MOET GEVOLG WORD NADAT U 'N E-POS VANAF DIE SKOOL ONTVANG HET:

1. Klik op die skakel wat u via e-pos vanaf die skool ontvang het.
2. Daar sal 'n elektroniese lys verskyn waar u moet bevestig dat u wel 'n persoon is.



The screenshot shows the login interface for Hoërskool Waterkloof. At the top, the school name "Hoërskool Waterkloof" is displayed. Below it is a reCAPTCHA challenge box containing a checkbox labeled "I'm not a robot" and the reCAPTCHA logo with links for "Privacy" and "Terms". Underneath the challenge is a "Language" dropdown menu currently set to "Afrikaans". At the bottom of the form are two buttons: a dark "Next" button and a light blue "Record the session" button.

3. Op die volgende skerm sal die keuses vir die vakke verskyn.

4. Die volgende keuses sal gemaak moet word:

- Kies tussen Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid. (Let wel: Indien u Wiskundige Geletterdheid neem, kan Fisiese Wetenskappe, Siviele Tegnologie en Inligtingstegnologie nie geneem word nie. Wiskunde is 'n voorvereiste vir Fisiese Wetenskappe, Siviele Tegnologie en Inligtingstegnologie.)
- Kies tussen English Home Language of English First Additional Language.
- Kies drie keusevakke.
- Indien u kind wel 'n agtste of selfs 'n negende vak wil neem, kan hulle die keuse by die *ekstra vakke*-blokkie maak. Hierdie opsie is nie verpligtend nie.

Version 23.05.24
School Hoërskool Waterkloof
Telephone 0123470277

Vakkeuse

Leerder

Graad GRAAD 10

Verpligte vakke

Afrikaans Huistaal
LO-sport
LO-teorie

Engels

Maak u keuse

Engels Eerste Addisionele Taal
 Engels Huistaal

Wiskunde

Maak u keuse

Wiskunde
 Wiskundige Geletterdheid

Keusevakke

Kies enige drie keusevakke.

Besigheidstudies
 Dansstudies
 Dramatiese Kunste
 Ekonomie
 Fisiese Wetenskappe
 Frans Tweede Addisionele Taal
 Gasvryheidstudies
 Geografie
 Geskiedenis
 Ingenieursgrafika en -ontwerp
 Inligtingstegnologie
 Landbouwetenskappe
 Lewenwetenskappe
 Musiek
 Ontwerp
 Rekenaartoepassingstegnologie
 Rekeningkunde
 Siviele Tegnologie
 Toerisme
 Visuele Kunste

Ekstra Vakke

Kies die Ekstra vakke.

Besigheidstudies
 Ekonomie
 Geografie
 Geskiedenis
 Inligtingstegnologie
 Rekenaartoepassingstegnologie
 Toerisme
 Wiskunde Alpha

DIEN IN

5. Nadat u die vorm voltooi en aanvaar het, kan dit **nie** weer verander word **nie**. Maak dus asseblief doodseker dat u die regte keuses uitoefen wanneer u die vorm voltooi en finaal indien.

HIERDIE PROSES MOET TEEN MAANDAG 5 AUGUSTUS 2023 AFGEHANDEL WEES.

AANVULLENDE INLIGTING:

- GRATIS VAKKEUSE-VIDEO'S OP SOLIDARITEIT JEUG SE WEBWERF

<https://jeug.co.za/skolier/#studeer>

<https://jeug.co.za/vakkeuses/>

- GRATIS VAKKEUSEGIDS OP AKADEMIA SE WEBWERF

<https://akademia.ac.za/loopbaanlens/vakkeusegids/>

2. INLEIDING

Die doel van hierdie inligtingstuk is om ouers en graad 9-leerders van inligting te voorsien om 'n sinvolle vakkeuse vir graad 10, 11 en 12 te maak.

3. SINVOLLE VAKKEUSE

'n Sinvolle vakkeuse behels die volgende:

- Selfkennis
- Voldoende kennis van die onderwysstelsel en keusemoontlikhede wat dit bied
- Die bestudering van die tersaaklike feite
- 'n Realistiese en objektiewe benadering ten opsigte van die kind se aanleg en vermoë.

Die graad 9-leerder se vakkeuse vir graad 10 tot 12 kan nie aan die kind alleen oorgelaat word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer om leiding en steun aan die kind te gee en saam met die kind 'n besluit te neem. Die skool se verantwoordelikheid is om inligting en advies aan die ouer en kind te gee. Die finale keuse bly egter altyd die verantwoordelikheid van die ouers. Die keuse van elke leerder word deur die skool geverifieer en gekontroleer.

4. SELFKENNIS

Voldoende kennis en begrip van u kind se besondere vermoëns, aanleg, belangstelling en ideale is noodsaaklik. Kyk na u kind in sy/haar totaliteit en moenie 'n bepaalde aspek, byvoorbeeld belangstelling, verabsoluteer nie. Die resultaat van byvoorbeeld aanleg- en/of belangstellingstoetse, moet saam met skolastiese prestasie, gemotiveerdheid, ingesteldheid, persoonlikheid, ensovoorts beoordeel word. Die finale keuse moet op basiese opvoedkundige beginsels berus.

4.1 Individuele verskille

Mense verskil van mekaar. Elke kind in 'n gesin is uniek met sy/haar eie besondere vermoë, aanleg, belangstelling, persoonlikheid en aspirasies.

4.2 Skolastiese vermoë

Skolastiese vermoë is die aangebore potensiële vermoë van die mens om te kan leer en akademies te kan presteer. Omdat die mens so 'n komplekse wese is en omgewingsfaktore 'n invloed op hom kan hê, is dit nie maklik om te voorspel presies wat hy/sy op akademiese gebied kan vermag nie.

Ouers en leerders moet poog om 'n realistiese keuse te maak wat op historiese en feitlike inligting gebaseer is. Die skoolrapport is 'n betroubare maatstaf van 'n kind se skolastiese prestasie.

Ontleding van 'n kind se skolastiese prestasie in graad 7, 8 en 9, kan help om 'n oorsig oor die skolastiese vermoë te kry. Indien 'n leerder swak presteer het in 'n bepaalde vak/vakke in graad 8 en 9, is dit onwaarskynlik dat hy/sy in die VOO-fase in daardie vak goed sal presteer.

4.3 Aanleg

Dit is die potensiaal waaroor 'n persoon beskik wat hom/haar in staat stel om met opleiding en/of oefening 'n bepaalde vlak te kan bereik.

Aanleg, tesame met belangstelling, houding, motivering en ander persoonlikheidseienskappe, sal in 'n groot mate die uiteindelijke sukses van die leerder bepaal.

4.4 Belangstelling

Die belangstelling van die leerder is ook belangrik wanneer die vakkeuse vir graad 10 tot 12 gedoen word. 'n Belangstellingsvraelys is deur die leerders voltooi en dit kan as 'n handige en redelik betroubare maatstaf dien om te help om die sterkste belangstellingsvelde te identifiseer. (Sien Graad 9 LO Werkboek bl. 85 – 97)

5. DIE ONDERWYSSTELSEL

5.1 Skoolfases

Leerders is volgens die huidige wetgewing tot in graad 9 skoolpligtig. Die keuse van die vakke wat u kind van graad 10 tot 12 wil neem, moet nou gemaak word.

5.2 Die vakkeuse vir graad 10 tot 12

Inligting wat hier voorsien word, het betrekking op Hoërskool Waterkloof, maar dit is volgens die beleid vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) soos vervat in die Kurrikulum en Assesseringsverklarings Graad 10 tot 12 wat met ingang 2012 vir graad 10 ingefaseer is.

5.2.1 Vakke

Die goedgekeurde vakke vir VOO is in twee groepe verdeel, naamlik Groep A (vier verpligte vakke) en Groep B (keusevakke, waarvan drie gekies moet word).

Die keusevorm agter in die boekie dui die vakgroepe, vakke in elke groep aan.

5.2.2 Algemene opmerkings

- Géén differensiasie ten opsigte van vlakke word meer gemaak nie – daar is dus nie onderskeid tussen Hoër Graad en Standaardgraad nie.
- Minstens 30 leerders moet 'n vak kies alvorens dit aangebied sal word.
- Vakke wat in graad 9 gedruip is, moet verkieslik nie as keusevakke in Groep B oorweeg word nie.
- Indien 'n leerder Wiskunde in graad 9 druipt, moet Wiskundige Geletterdheid in graad 10 geneem word.
- Rekenaarverwante vakke wat gekies kan word, is Inligtingstegnologie (IT) en Rekenaartoepassingstegnologie (RTT). Inligtingstegnologie fokus op die oplos van probleme deur middel van programmering (Delphi), die opstel van 'n databasis en aspekte soos e-kommunikasie, mens-rekenaar-interaksie, sosiale implikasies van die rekenaar, nuwe tegnologie, ensovoorts. Dit word sterk aanbeveel vir leerders wat ingenieurswese wil gaan studeer. Die keuse van IT as vak is onderhewig aan keuring op grond van akademiese prestasie in graad 9, spesifiek in Wiskunde. Rekenaartoe-passingstegnologie fokus op die hantering van inligting en oplos van probleme deur die gebruikmaking van toepassingspakkette (Word, Excel, Access, Frontpage, ensovoorts). Teoreties word hier aandag geskenk aan die volgende onderwerpe: hardeware, sagteware, netwerke, rekenaarsekureit en rekenaaretik. Inligtingstegnologie sowel as Rekenaartoepassingstegnologie mag gekies word. Indien Inligtingstegnologie as vak gekies word, word die neem van Wiskunde sterk aanbeveel.
- Wiskunde (en nie Wiskundige Geletterdheid nie) word vereis indien Fisiese Wetenskappe gekies word.
- Vir Ingenieursgrafika en Ontwerp word Wiskunde sterk aanbeveel.

6. HOËRSKOOL WATERKLOOF SE MODEL VIR VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING

Die Nasionale Kurrikulum en Asseseringsverklaringsbeleid vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) vir graad 10 tot graad12 is op die volgende beginsels gebaseer: (Die nuwe KABV is vanaf 2012 in graad 10 ingefaseer.)

- sosiale transformasie
- hoë kennis- en vaardigheidsvlakke
- integrasie en toegepaste bevoegdhede
- progressie
- artikulasie en oordraagbaarheid
- menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid
- waardering vir inheemse kennissisteme en
- geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid
- sodat elke unieke leerder volgens sy/haar spesifieke behoeftes, potensiaal en belangstelling binne Christelike norme en waardes kan
 - toetree tot kwaliteit lewenslange leer en opleiding en daarin suksesvol kan wees
 - logies en analities kan dink en holistiese en laterale denke kan openbaar en
 - vaardighede van bekende kontekste na onbekende situasies kan oordra, sodat elkeen doelbewus voorberei kan word as deel van 'n groep en as individu om 'n bydrae te lewer tot
 - die Suid-Afrikaanse ekonomie
 - leierskap, entrepreneurskap en werkskepping
 - internasionale mededinging
 - tersiêre onderrig en
 - volledige menswees

Naas Lewensoriëntering, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid, Afrikaans Huistaal en 'n eerste addisionele taal wat verpligtend is, kies elke leerder nog drie vakke uit die lys van moontlikhede, met die voorbehoud dat dit op die leerder se rooster inpas en dat daar genoeg belangstelling in die vak is om dit lewensvatbaar vir aanbieding te maak.

PRESTASIE-AANDUIDERS WORD GEBRUIK OM LEERDERS TE ASSESSEER:		
Prestasiepersentasie	Prestasievlak	Prestasievlak
80 – 100	7	Voldoen uitmuntend
70 - 79	6	Voldoen met meriete
60 - 69	5	Voldoen volgens standaard
50 - 59	4	Voldoen bevredigend
40 - 49	3	Voldoen
30 – 39	2	Voldoen gedeeltelik
20 – 29	1	Nie bereik nie

MINIMUM SLAAGVEREISTES

Vir die Nasionale Seniorsertifikaat

1. 40% in drie vakke waarvan een die kandidaat se Huistaal is.
2. 30% in drie ander vakke.
3. Bewyse dat die oorblywende vak se SGA (SBA) gedoen en die eksamen afgelê is.

Geen kondonering vind plaas nie wat beteken dat 'n punt nie afgerond/aangepas word nie, behalwe in die graad 12-eindeksamen kan 'n maksimum van twee punte by EEN vak bygevoeg word om slaag te verseker. 79% word NIE na 80% gekondoneer NIE.

7. HOËRSKOOL WATERKLOOF SE MODEL VIR KLEINGROEPONDERRIG

Hoërskool Waterkloof was nog nooit bang om oorspronklik en innoverend te dink en te doen nie. Kleingroeponderrig maak dit vir leerders moontlik om gedurende normale skoolure (teen 'n ekstra heffing) in 'n klas met hoogstens 20 leerders onderrig te ontvang. 'n Hoë verrykende standaard word gehandhaaf.

- **KLEINGROEPONDERRIG WISKUNDE EN/OF FISIESE WETENSAPPE VIR BOGENOEMDE VAKKE MOET DAAR AANSOEK OM TOELATING GEDOEN WORD.**

Algemene inligting

- Slegs 'n beperkte aantal leerders word geakkommodeer.
- Leerders skryf dieselfde toetse en eksamens as die ander leerders in die graad.
- Die leerders wat deel van die projek gaan wees, word as groep in die skoolrooster ingedeel.
- Die projek is nie uitsluitlik vir akademiese presteerders nie.
- Die projek wil in besonder die groep leerders betrek wat teen vergoeding ekstra klasse na skool sou bywoon, maar wie se skoolprogram dit moeilik maak om dié soort klasse getrou by te woon.
- Kriteria wat gebruik sal word vir die keuring van die leerders in groepe waar die belangstelling te groot is, sou onder andere die volgende wees:
 - 'n Positiewe, hardwerkende ingesteldheid teenoor die akademie.
 - Vakkeuse van die leerder – moet op die rooster geakkommodeer kan word.
 - 'n Minimum prestasie van 50% in die vak.
- 'n Addisionele heffing is ter sprake en 'n kontrak wat aan u gestuur sal word, moet voltooi word.

Voordele

- Die onderrig sluit ekstra klasse voor toetse en eksamens, asook verrykende onderrig in.
- Die grootste voordeel van hierdie projek is dat die leerder, uit die aard van die kleiner klasgroep, aan 'n groot verskeidenheid van oefeninge en vinnige opvolg blootgestel word.
- Probleme word vinnig geïdentifiseer en leerders kry dus maksimale blootstelling aan die leerinhoud.

8. GROEP A VIER VERPLIGTE VAKKE

1. AFRIKAANS

TOELATINGSVEREISTES

Geen. Afrikaans is verpligtend vir alle leerders en word slegs as Huistaal aangebied. Dit is 'n vak wat vir universiteitstoelating tel.

BENADERINGSWYSE

Afrikaans word aan die hand van die KABV-vereistes onderrig en deurlopend geassesseer. Die fokus val op die vaslegging en uitbreiding van taal en geletterdheid en word deur prestasie-omskrywings gerekordeer.

KURRIKULUM

Drie groot afdelings naamlik lees, praat en skryf word onderskei, maar dit word met mekaar geïntegreer.

VAKAKTIWITEITE

Nasionale Taalbondeksamen, Nasionale Afrikaans-Olimpiade, Nasionale Bloemfonteinse Skrywerskring Skryfkompetisie, verskeie ander skryfkompetisies, Afrikaans-Ekspo en ander vakverwante aktiwiteite wat redenaars en debat insluit.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Vertaler, tolk, diplomaat, joernalis, radio- en TV-kopieskrywer, onderwyser, reklamewese, kommunikasie, buitelandse inligtingsdiens, skakelbeampte.

NAVRAE

Departementshoof: Afrikaans

Carli Webber

carli.webber@klofies.co.za

2. ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE OR ENGLISH HOME LANGUAGE

2.1 ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE

ADMISSION REQUIREMENTS

This is a subject for university exemption.

APPROACH

We teach mainly communicative skills, with the emphasis on speaking, reading, writing and listening in curriculum context and continuous assessment.

SYLLABUS

The main categories are oral [listening, speaking, reading], language structures, visual literacy, comprehension, literature, poetry and creative and functional writing.

SUBJECT ACTIVITIES

Public speaking, creative writing competitions.

CAREER POSSIBILITIES

Translator, interpreter, editor, copywriter, proof-reader, journalist, advertising, radio or TV presenter, writer, communications, teacher, tourist guide, playwright, actor.

ENQUIRIES

Head of the English Department

Ingrid Knoetze

ingrid.knoetze@klofies.co.za

2.2 ENGLISH HOME LANGUAGE

VIDEO

ADMISSION REQUIREMENTS

This is a subject for university exemption.**APPROACH**

English Home Language ensures a language proficiency level that reflects advanced interpersonal communication skills required in social situations and the cognitive academic skills essential for further studies at a university.

English Home Language also provides learners with a literary, aesthetic and imaginative ability that will provide them with the ability to recreate, imagine, and empower their understanding of the world they live in.

English Home Language concentrates on listening, speaking, reading and writing skills with an emphasis on insight and practical application.

CURRICULUM

The main sub-divisions are literature (novel and drama), poetry, visual literacy, language, writing and oral (speaking, reading, listening) skills. These are integrated in presentation and projects that encourage critical thinking, self-study and research. Assessment is done on a continuous basis.

SUBJECT ACTIVITIES

There is also opportunity to enter the English Olympiad, Hoxbridge Reading promotion and Quiz Olympiad, excursions to watch Shakespeare plays on stage and a variety of writing competitions such as the Klofie Arts Festival. Subject-related activities include public speaking, debating and orators' competitions.

CAREER POSSIBILITIES

Digital copywriter, Web content manager, journalist, translator, diplomat, radio and TV presenter, teacher, lecturer, writer, playwright, public relations officer, lawyer, as well as any other career where a command of the English language is vital. With English Home Language, possibilities open for a learner to study overseas.

ENQUIRIES

Head of the English Department

Ingrid Knoetze

ingrid.knoetze@klofies.co.za

3. WISKUNDE OF WISKUNDIGE GELETTERDHEID

Een van bogenoemde moet geneem word. Die standaard van Wiskunde het baie verhoog.

Indien 'n leerder minder as 40% vir Wiskunde na afloop van 'n eksamen in graad 9 behaal, moet die leerder asseblief Wiskundige Geletterdheid in graad 10 neem. As 'n leerder Wiskunde aan die einde van graad 9 drui, of sy punt deur die departement gekondoneer word (slaagvereiste 40%), sal Wiskunde nie in graad 10 geneem kan word nie. 'n Leerder sal in graad 10 toegelaat word om na afloop van 'n eksamen vanaf Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid te vervlak, maar 'n skuif van Wiskundige Geletterdheid na Wiskunde sal onmoontlik wees. Wiskundige Geletterdheid word aanbeveel vir 'n leerder wat nie Wiskunde vir studie- of beroepsdoeleindes benodig nie.

3.1 WISKUNDE

VIDEO

(Tel vir universiteitstoelating as ten minste 50% behaal word.)

Probleemoplossing is die sentrale fokus in die onderrig en leer van Wiskunde met die spesifieke doelstellings: die ontwikkeling van die vermoë om logies te redeneer, te veralgemeen, te verbesonder, te organiseer, analoë te trek en te bewys, asook die ontwikkeling van insig in ruimtelike verwantskappe en meting. Slaagvereiste: 30%. Graad 10-12, 40% graad 8,9. 'n Liefde en werksetiek word doelbewus vir die vak gekweek.

KURRIKULUM

- Algebraïese manipulasie
- Getalpatrone
- Funksies en grafieke
- Finansiële Wiskunde
- Differensiaalreken

VAKAKTIWITEITE

Olimpiade, Tukkies Wiskundekompetisie, Expo vir Jong Wetenskaplikes, jaarlikse wiskundeweek.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

'n Persentasie van ongeveer 70% vir Wiskunde is 'n voorvereiste vir verdere studie in ingenieurswese, medies, tandheelkunde, veeartseny, natuurwetenskappe, rekenaarstudie, statistiek, sekere landbouwetenskappe, boukunde, tegnika, aptekerswese, ensovoorts. 'n Leerder moet ongeveer 50% vir Wiskunde vir die meeste B.Com-grade behaal.

NAVRAE

Departementshoof: Wiskunde

Estelle Oberholzer

estelle.oberholzer@klofies.co.za

3.2 WISKUNDIGE GELETTERDHEID

VIDEO

(Tel vir universiteitstoelating as ten minste 50% behaal word.)

Die bevoegdhede wat ontwikkel is deur Wiskundige Geletterdheid laat individue toe om sin te maak van, deel te neem in en by te dra tot die wêreld van die een-en-twintigste eeu - 'n wêreld wat gekenmerk word deur getalle, argumente gebaseer op getalle en data wat op verskillende maniere voorgestel en verdraai is. Sulke bevoegdhede sluit in die vermoë om te kan redeneer, besluite te kan neem, probleme te kan oplos, hulpbronne te kan bestuur, inligting te kan interpreteer, lyste van gebeurtenisse te kan maak en die gebruik en toepassing van tegnologie. Leerders word blootgestel aan beide wiskundige inhoud en lewensgetroue konteks om hierdie bevoegdhede te ontwikkel. Slaagvereiste: 30%.

KURRIKULUM

- Getalle, toepassings – basiese vaardighede
- Funksies – patrone; verwantskappe; voorstellings
- Ruimte, vorm en meting, vloerplanne, modelle
- Datahantering
- Finansies - wisselkoers; rente; belasting; finansiële state; begroting

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Regte, Sielkundige, Joernalistiek, Teologie, Onderwys en al die Kunste.

NAVRAE

Departementshoof: Wiskundige Geletterdheid

Marthinus Stoop

marthinus.stoop@klofies.co.za

4. LEWENSORIËTERING

TOELATINGSVEREISTES

Dit is 'n vak wat vir die minimum slaagvereistes tel, maar nie vir die toelatingpuntetelling (TPT-telling) nie.

BENADERINGSWYSE

Lewensoriëntering is die studie van die self in verhouding tot andere en tot die samelewing. Hierdie vak

behandel die vaardighede, kennis en waardes oor die self, die omgewing, verantwoordelike burgerskap, 'n gesonde en produktiewe lewe, sosiale betrokkenheid, ontspannings- en fisiese aktiwiteite, loopbane en loopbaankeuses. Dit sluit geleenthede in om betrokke te raak by die ontwikkeling en praktyke van 'n verskeidenheid lewensvaardighede om probleme op te los, om ingeligte besluite en keuses te maak en om gepaste aksies te neem om betekenisvol en suksesvol in 'n snelveranderende samelewing te leef. Dit fokus nie net op kennis nie, maar dit beklemtoon ook die belangrikheid van die toepassing van vaardighede en waardes in werklike lewensituasies, deelname aan 'n fisiese aktiwiteit en inisiatiewe.

KURRIKULUM

Lewensoriëntering is een van die vier fundamentele vakke wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat, vereis word. Dit beteken dat dit verpligtend is vir alle leerders in graad 10, 11 en 12. Dit is 'n unieke vak wat 'n holistiese benadering toepas ten opsigte van die persoonlike, maatskaplike, intellektuele, emosionele, geestelike, motoriese en fisiese groei en ontwikkeling van die leerders. Dit moedig die ontwikkeling van 'n gebalanseerde en selfversekerde leer aan wat 'n bydrae kan maak tot 'n regverdige en demokratiese samelewing, 'n produktiewe ekonomie en verbeterde lewensgehalte vir almal.

- Waarskynlikheid
- Statistiek
- Analitiese Meetkunde
- Trigonometrie
- Euklidiese Meetkunde en Meting

Die vak bestaan uit die volgende ses onderwerpe in graad 10 tot 12:

1. Selfontwikkeling in die samelewing
2. Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid
3. Demokrasie en menseregte
4. Loopbaan en loopbaankeuses
5. Studievaardighede
6. Liggaamsopvoeding

Die noodsaaklikheid van Lewensoriëntering

Dié leerarea rus leerders toe om hulle talente te gebruik sodat hulle hul volle potensiaal op verskillende terreine kan ontwikkel. Dit help hulle om vaardighede te ontwikkel om gesonde verhoudings te sluit, om 'n positiewe bydrae tot hulle gesin, gemeenskap en die samelewing te lewer en om die kernwaardes van die Grondwet van Suid-Afrika te verstaan en uit te leef.

Dit help hulle ook om hulle eie waardestelsel te ontwikkel en groter begrip te kry vir die belangrikheid van die waardes wat hulle eie en ook ander kultuurgroepe in Suid-Afrika koester. Lewensoriëntering rus leerders toe om hulle grondwetlike regte en verantwoordelikhede uit te oefen, om die regte van ander te respekteer en om verdraagsaam te wees teenoor ander in 'n land van groot kulturele en godsdienstige diversiteit.

NAVRAE

Departementshoof: Lewensoriëntering

Jan Mollentze

jan.mol@klofies.co.za

9. GROEP B

KEUSEVAKKE: KIES ENIGE DRIE (mits dit in die leerder se rooster pas)

1. FISIESE WETENSKAPPE

TOELATINGSVEREISTES

Fisiese Wetenskappe in graad 10 word aanbeveel vir leerders wat in graad 9 die fisika- en chemie-afdeling van Natuurwetenskappe op minstens vlak 3 geslaag het. WISKUNDE IS VERPLIGTEND. Dit is 'n universiteitstoelatingvak.

BENADERINGSWYSE

Fisiese Wetenskappe ondersoek fisiese en chemiese verskynsels. Dit word gedoen deur wetenskaplike ondersoek, toepassing van wetenskaplike modelle, teorieë en wette om gebeurtenisse in die fisiese omgewing te verklaar en te voorspel.

Die vak spreek ook die gemeenskap se behoefte aan om te verstaan hoe die fisiese omgewing werk sodat hulle voordeel daaruit kan trek en ook verantwoordelik daarna kan omsien.

Die doel van Fisiese Wetenskappe is om leerders toe te rus met ondersoekvaardighede met betrekking tot fisiese en chemiese verskynsels, bv. weerlig en oplosbaarheid. Voorbeelde van sommige vaardighede wat relevant is vir die studie van Fisiese Wetenskappe is klassifisering, kommunikasie, meting, ontwerp van 'n ondersoek, gevolgtrekkings maak en evalueer, modelle formuleer, stel van hipotese, identifikasie en beheer van veranderlikes, afleidings maak, waarneming en vergelyking, interpretasie, voorspelling, probleemoplossing en bepeinsing.

Fisiese Wetenskappe bevorder kennis en vaardighede in wetenskaplike ondersoek en probleemoplossing: die konstruksie en toepassing van wetenskaplike en tegnologiese kennis; 'n begrip van die aard van wetenskap en die verhouding met tegnologie, gemeenskap en die omgewing.

KURRIKULUM

1. Meganika
2. Golwe, klank en lig
3. Elektrisiteit en magnetisme
4. Materie en verbindings
5. Chemiese veranderinge

VAKAKTIWITEITE

Wetenskap Olimpiade en Expo vir Jong Wetenskaplikes.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Om 'n BSc in Fisiese en Chemiese Wetenskappe te werf, bied 'n diverse loopbaangeleenthede binne verskeie industrieë en organisasies, soos:

- Petrochemiese Industrie (SASOL, AECI, OMNIA, Sentrachem, SAB)
- Universiteite en Hoërskole
- Regeringsorganisasies (SABS, MRC, NECSA, MINTEK)
- Farmaseutiese nywerhede
- Waterrade
- Forensiese laboratoriums
- Tekstielbedryf
- Landbousektor
- Plant- en prosesbestuurders
- Laboratorium assistente
- Chemiese analis/modulator

NAVRAE

Departementshoof: Fisiese Wetenskappe

elsana.denysschen@klofies.co.za

2. LEWENSWETENSKAPPE

VIDEO

Dit is 'n biologiese vak en behels die studie van lewe (plant- en dierkunde, insluitend anatomie en fisiologie) in 'n veranderende natuurlike en mensgemaakte omgewing. Lewenswetenskap is 'n praktiese vak en gereelde prakties werk (mikroskoopwerk, werkkaarte, disseksies) word gedoen. Uitstappies, byvoorbeeld na Maropeng word tydens die studie van evolusie onderneem. Die studie sluit die kritiese vraag, weergee en verstaan van konsepte en prosesse en aanwending in die gemeenskap in. Leerders sal navrae, probleemoplossing, kritiese denke en ander vaardighede ontwikkel en sal dié vaardighede gebruik om Lewenswetenskappe te interpreteer en te gebruik om verskynsels te verduidelik. Hulle sal die kennis in hulle persoonlike lewens as verantwoordelike burgers toepas, om sodoende 'n gesonde leefstyl aan te kweek en om bronne effektief te bestuur. Deur Lewenswetenskappe te bestudeer, kan die leerders die onderlinge verwantskappe tussen die mens (diere en plante) en die omgewing en die gemeenskap beter verstaan.

Die kurrikulum behels:

1. Lewe op mollukulêre vlak (selle, weefsel, DNA en proteïensintese.
2. Lewensprosesse in plante en diere!
3. Diversiteit, kontinuïteit en verandering (Geskiedenis van die lewe op aarde en evolusie).
4. Omgewingstudie en bestuur.

Die doel van die bestudering van Lewenswetenskappe

1. Die ontwikkeling van wetenskaplike kennis en begrip.
2. Die ontwikkeling van die wetenskaplike ondersoek.
3. Die ontwikkeling van 'n begrip van die rol van wetenskap in die samelewing.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Enige mediese wetenskappe soos geneeskunde, tandheelkunde, veeartsenykunde, landbouwetenskappe, arbeids- en fisioterapie, optometrie, omgewingsbestuur, natuurbewaring en nog vele meer.

NAVRAE

Departementshoof: Lewenswetenskappe

Marinda Behr

marinda.behr@klofies.co.za

3. REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (RTT)

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

Geen. Die vak word ook as agtste vak aangebied. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

KURRIKULUM

Die vak handel oor die effektiewe gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie vir 'n eindgebruiker in 'n rekenaartoepassingsomgewing, in verskillende sektore van die samelewing. Die inhoud dek teoretiese sowel as praktiese aspekte van die rekenaar en sy gebruike asook die invloed van die tegnologie op die mens en sy omgewing. Word, Excell, Access en Powerpoint word gebruik om die leerders te help om in 'n kantooromgewing werk met 'n rekenaar te doen.

BENADERINGSWYSE

Dit rus die leerder toe met kennis, vaardighede, waardes en benaderings tot die ontwerp, ontwikkeling en uitstuur van inligting in verskillende formate. RTT maak dit ook vir leerders moontlik om data te versamel, te analiseer en te korrigeer en dit dan weer te manipuleer en te verwerk om dit na verskillende sektore te versprei. Hulle leer dus om die verskillende programme saam te gebruik. Die vak dra wel by tot 'n TPT-telling wanneer aansoek gedoen word vir Universiteitstoelating. [Ons gebruik die Microsoft-Office Professional pakket.]

FOKUSAREAS

Die vak bestaan uit 'n teoretiese en 'n praktiese komponent.

- Basiese kennis van inligting en kommunikasietegnologie
- Geïntegreerde eindgebruiker rekenaartoepassingsvaardighede en kennis van probleemoplossing - die verwerking, aanbieding en uitstuur van inligting
- Inligtingsbestuur - toepas van vaardighede deur die gebruik van eindgebruiker-rekenaartoepassings.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Alle instansies vereis rekenaarvaardighede. RTT gee die agtergrond om 'n databasis te bou en te onderhou, die kennis om 'n finansiële oplossing te skep vir 'n rekenkundige beroep en die agtergrond om in 'n rigting te gaan waar mens rekenaars regmaak of bou. Met die nuwe kurrikulum kan jy selfs webontwikkeling doen. Dit is dus 'n vak wat jou reeds toerus om verskillende pakkette geïntegreerd te gebruik en kom handig te pas by die inhandiging van take tot op universiteitsvlak en later in die werksomgewing.

NAVRAE

Departementshoof: IT en RTT

Carina Taute

carina.taute@klofies.co.za

4. IT - INLIGTINGSTEGNOLOGIE

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

Die leerder wat hierdie vak kies moet 'n goeie punt in Wiskunde in graad 9 behaal. Dit is 'n goeie maatstaf om te bepaal of dit binne sy/haar belangstelling val. Inligtingstegnologie word as vak aanbeveel waar die leerder beplan om 'n rigting te volg wat te doen het met probleemoplossing, ingenieurswese, aktuarieel, informatika en stelselbeheer. Die vak word ook as agtste vak aangebied. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

KURRIKULUM

Dit bestaan uit 'n praktiese en teoretiese komponent. Prakties - programmering in Delphi waar alle basiese programmeringsvaardighede aangeleer word. Teorie - sien fokusareas.

BENADERINGSWYSE

Die klem is op probleemoplossings deur logiese denke, inligtingsbestuur en kommunikasie. Dit fokus ook op die ontwikkeling van rekenaartoepassings deur gebruik te maak van bestaande programme [soos Delphi vir die skryf van programme]. Die vak ontwikkel ook 'n bewustheid en verstaan van die sosiale, ekonomiese en ander implikasies van die rekenaar op die leefwêreld van die mens.

FOKUSAREAS

Die vak het 'n praktiese en 'n teoretiese komponent, wat in die volgende onderwerpe vervat word:

- Hardeware en stelselprogrammatuur – die leerder verstaan en gebruik rekenaargebaseerde tegnologie
- Elektroniese kommunikasie - die leerder is in staat om verskillende rekenaartoepassings kreatief vir elektroniese kommunikasie aan te wend.
- Sosiale en etiese kwessies - die leerder is in staat om die impak van rekenaartegnologie op die sosio-ekonomiese, omgewings-, politieke en etiese vlakke krities te analiseer.
- Programmering en sagteware ontwikkeling - die leerder is in staat om effektiewe oplossings vir probleemstellings te ontwerp, te toets en te lewer deur van Delphi, Sigblad- en Databasisverwerking gebruik te maak.

NAVRAE

Departementshoof: IT & RTT

Carina Taute

carina.taute@klofies.co.za

5. REKENINGKUNDE

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

Vanaf graad 10 is Rekeningkunde 'n keusevak. Om met Rekeningkunde in graad 10 aan te gaan, moet 'n leerder ten minste 'n jaarpunt van 60% in die EBW-leerarea in graad 9 behaal. Dit word nie as 'n agtste vak aangebied nie. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

BENADERINGSWYSE

Rekeningkunde word praktykgerig aangebied en konsentreer daarop om leerders met praktiese vaardighede toe te rus om hulle beroepsgereed te maak. Leerders ontwikkel karaktereienskappe soos deeglikheid, akkuraatheid, netheid, redenasievermoë en integriteit.

KURRIKULUM

Rekeningkunde bestaan uit die versamel, rekordering en ontleding van finansiële inligting met die oog daarop om finansiële besluite te kan maak. 'n Balans tussen teorie en die praktyk word gehandhaaf om te verseker dat 'n leerder tot die arbeidsmark kan toetree of verder kan studeer.

VAKAKTIWITEITE

Deelname aan die Rekeningkunde Olimpiade.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

'n Noodsaaklikheid vir enige beroep vanaf 'n tuisteskepper [begroting] tot 'n ouditeur [geëktrooieerde rekenmeester]. Verpligte vak vir enige B.Com-riktigting. Dit word ook vereis vir verskeie ander studierigtings soos bv. LLB (sien inligting vanaf universiteite), die slaag van 'n Rekeningkunde-module. Elke landsburger moet sy eie finansies kan bestuur.

NAVRAE

Departementshoof: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Heidi Ribbens

heidi.ribbens@klofies.co.za

6. EKONOMIE

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

Geen. Ekonomie is 'n keusevak vanaf graad 10. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

BENADERINGSWYSE

Ekonomie is 'n dinamiese, toekomsgerigte vak waar aktuele ekonomiese aangeleenthede soos bv. die invloed van inflasie, rentekoerse, wisselkoerse, die petrolprys, die goudprys, stakings, ensovoorts op ons land se ekonomie en sy mense, krities ondersoek en bespreek word.

KURRIKULUM

Dit bestudeer deelnemers aan die ekonomie wat huishoudings, besighede en die owerheid insluit, produksie van goedere en dienste; huidige ekonomiese struktuur van Suid-Afrika, nasionale inkome, prysvorming, ekonomiese ontwikkeling, internasionale ekonomie en die rol van die regering.

VAKAKTIWITEITE

Sakepublikasies soos Finweek, powerpoint-aanbiedinge, direkte internetverbinding saam met die gebruik van 'n data-projektor vir direkte nuusgebeure en DVD's word deurentyd gebruik om op hoogte van verwickelinge in die wêreld ekonomie te bly. Aktiewe deelname van leerders is spontaan omdat hulle geprikkel word deur die impak van ekonomiese gebeure op die alledaagse lewe. Bywoon van seminare bv. Die begrotingspraatjie aangebied deur die Efficient Groep, asook deelname aan die SARB se monetêre beleid kompetisie.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Ekoonoom, onderwyser, effektemakelaar, bankier, personeelbestuurder, sakebestuurder, staatsaanklaer, eie besigheid (entrepreneur), toerismebestuur, statistikus, portefeuljebestuurder.

Die sillabus wat op skool in Ekonomie gevolg word, sal 'n groot aanwys wees wanneer jy Ekonomie op universiteit neem. Jy sal wel 'n deeglike agtergrond van Ekonomie hê, wat op universiteit sal help. Wanneer jy die volgende kursusse oorweeg, word Ekonomie as vak ingesluit: B.Com, B. Prok., Aktuaris, Ingenieurswese en nog vele meer.

NAVRAE

Departementshoof: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Heidi Ribbens

heidi.ribbens@klofies.co.za

7. BESIGHEIDSTUDIES

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

Geen. Dit word ook as 'n agtste vak aangebied. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

BENADERINGSWYSE

Die leerders word na elke lesaanbieding die geleentheid gegee om praktykgerigte werksopdragte te voltooi. Verskeie assesseringsmetodes word gebruik.

KURRIKULUM

Besigheidstudies behels byvoorbeeld:

- hoe om 'n sakeplan op te stel
- hoe om jou eie onderneming te begin
- verskillende tipe ondernemingsvorme en hoe dit opgerig word
- watter wette jou as entrepreneur raak
- wat etiese en professionele gedrag is
- wat kreatiewe probleemoplossing is en
- wat menslike hulpbronne is vanaf onderhoudvoering tot die indiensnemingskontrak.

VAKAKTIWITEITE

Praktiese opdragte sodat die leerders die praktyk kan beleef en sodoende toegerus kan wees vir die toekoms. Deelname aan die ABSA-Entrepreneurskapkompetisie en aandele-speletjiekompetisie.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Entrepreneur, menslike hulpbronbestuurder, bemarkingsbestuurder, aankoopbestuurder, produksiebestuurder, finansiële bestuurder en vele meer.

NAVRAE

Departementshoof: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Heidi Ribbens

heidi.ribbens@klofies.co.za

8. GEOGRAFIE

VIDEO

Dit word ook as 'n agtste vak aangebied. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

BENADERINGSWYSE

Geografie stel leerders in staat om verskynsels, prosesse en ruimtelike patrone te verklaar. Leerders leer om ingeligte besluite te neem, veral oor die veranderende omgewing. Klem word op volhoubare ontwikkeling en die toepassing van geografiese vaardighede gelê. Geografiese inligtingstelsels is 'n opwindende nuwe veld wat as onderafdeling van die kaartwerk geïnkorporeer word en word graag aanbeveel vir leerders wat belangstelling en vaardigheid in inligtingstechnologie en rekenaarvaardighede het.

Geografie is 'n vak wat dit vir leerders moontlik maak om universiteitstoelating te verwerf. Die meeste Amerikaanse universiteite vereis 'n sosiale wetenskap soos Geografie as 'n toelatingsvereiste.

KURRIKULUM

Die vak bestaan hoofsaaklik uit twee komponente naamlik teorie en kaartwerkvaardighede. Daar word volgens Bloom se taksonomie op hoofsaaklik drie vlakke gewerk, naamlik waarneming, verklaring en interpretasie. Geografie is 'n mens- en omgewingswetenskap wat baie goed skakel met Lewenswetenskap, Ekonomie, Fisiese Wetenskap, RTT en IT, Omgewingstudies en Toerisme.

Graad 10: Kaartwerk, Klimatologie, Geomorfologie, Bevolkingsgeografie, Watermassas.

Graad 11: Kaartwerk, Klimatologie, Geomorfologie, Ontwikkeling en volhoubaarheid, Hulpbronne.

Graad 12: Kaartwerk, Klimatologie, Geomorfologie, Nedersettingsgeografie en Ekonomiese Geografie van Suid-Afrika.

Nuusgebeure van geografiese belang word in die klas hanteer. Leerders moet daarop let dat KAARTWERKVAARDIGHEDE hoofsaaklik in graad 10 afgehandel word en dat slegs toepassing van die teorie in graad 11 en graad 12 behandel word. Leerders moet oor basiese berekeningsvaardighede beskik om kaartwerk te kan doen.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Geografiese inligtingstelsels, omgewingsimpakspesialis, kartograaf, stads- en streeksbeplanner, geomorfoloog, geoloog, marine-bioloog, klimatoloog, (weervoorspelling), toergids/veldgids, toeroperateur/reisagent, joernalis, museumkurator/personeel, onderwys, toerisme, argitektuur, vlieënier, ingenieur.

NAVRAE

Departementshoof: Gasvryheid en Sosiale studies

Helena Bothma

helena.bothma@klofies.co.za

9. GESKIEDENIS

VIDEO

Dit word ook as 'n agtste vak aangebied. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

Geskiedenis is een van die matriekvakke op nasionale vlak met die meeste leerders en ons is opgewonde oor die belangstelling in die fassinerende vak. Dit is tans 'n keusevak met groeiende getalle. Daar word hoofsaaklik op twee vlakke naamlik brongebaseerde – en opsteltipevrae gewerk. In Geskiedenis bemeester leerders die vaardighede om hul eie kennis sowel as bronne te gebruik om te kan interpreteer.

Leerders moet daarop let dat VAARDIGHEDE vir die skryf van 'n argument 'n vaardigheid is wat reeds in graad 10 aangeleer moet word.

Kurrikuluminhoud is as volg:

Graad 10: Die wêreld rondom 1600 (Songhai, Mongoolse Indië, ensovoorts), Europese uitbreiding, Franse Revolusie, Transformasie in Suid-Afrika na 1750, Koloniale uitbreiding en die Suid-Afrikaanse Oorlog.

Graad 11: Kommunisme in Rusland (1900-1940), Kapitalisme in VSA (1900-1940), Idees rondom ras: Australië en Nazi-Duitsland, Nasionalisme: Suider-Afrika en die Midde-Ooste, Apartheid in Suid-Afrika (1940-1960)

Graad 12: Die Koue Oorlog: China, Kubaanse Misiselkrisis, VSA Burgerlike samelewingsprotes (1950-1970), Burgerlike weerstand in Suid-Afrika 1970-80, Die koms van demokrasie in Suid-Afrika, Waarheids- en Versoeningskommissie, Einde van die Koue Oorlog, 'n Nuwe Wêreldorde.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Die vaardighede wat jy in geskiedenis aanleer sal 'n groot aanwinst vir universiteitstudies wees. Die vaardigheid om opstelle te skryf is veral belangrik aangesien meeste rigtings vereis dat opstelle tydens toetse en eksamen geskryf moet word.

Toergids, toeroperateur/reisagent, joernalis, museumkurator/personeel, onderwys, prokureur en enige beroep in die regsvelde, navorser, antropoloog, historikus, argivaris, skrywer, besigheidsanalise en vele meer.

NAVRAE

Departementshoof: Gasvryheid en Sosiale studies

Helena Bothma

helena.bothma@klofies.co.za

10. FRANS TWEDE ADDISIONELE TAAL

TOELATINGSVEREISTES

Entoesiasme en 'n begeerte om 'n wonderlike nuwe vaardigheid aan te leer is die enigste vereiste. Let wel dat leerders net Frans as vak in graad 10 mag neem as hulle dit in graad 8 en 9 geslaag het. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

BENADERINGSWYSE

Frans word volgens die direkte metode aangebied. Luister-, lees-, skryf- en mondelinge vaardighede word ontwikkel, met spesiale klem op kommunikasie. Dit is moontlik om reeds in graad 11 vlot Frans te praat.

KURRIKULUM

In graad 8 en 9 word basiese strukture onderrig en 'n basis vir mondelinge werk gelê. In graad 10 tot 12 word taalleer, letterkunde, kreatiewe skryfwerk en mondelinge vaardighede geïntegreerd onderrig. Die klem val op die voorbereiding van leerders om die Franse taal na matriek in die akademiese sowel as die professionele milieu te kan aanwend. 'n Oorsig oor die Franse kultuur word ingesluit, asook 'n fokus op aktuele aangeleenthede en sake van globale belang. Leerders lê in graad 12 die internasionaal-erkende eksamen van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) af. Let daarop dat hoër orde denke onder meer tydens hierdie eksamen getoets word.

Die onderrig van Frans in Suid-Afrikaanse skole word deur die Franse regering ondersteun deur middel van die plaaslike konsulaat en die Alliance française wat ook aan leerders die moontlikheid bied van studiebeurse na Frankryk in enige studierigting van hul keuse. Ter ondersteuning hiervan word leerders aangemoedig en voorberei om die DELF-eksamens van die Franse regering af te lê. Vanaf graad 10 word die opsie aangebied om die internasionale DELF-eksamen af te lê. Met die slaag hiervan word 'n internasionaal-erkende diploma aan die leerder uitgereik wat dien as hulpmiddel om met 'n beurs in enige Frans-sprekende land te gaan studeer.

VAKAKTIWITEITE

Aktiwiteite en uitstappies sluit in uitstappies na Franse restaurante en kafés, die Franse Filmfees en ander kultuur aanbiedinge, skakeling met en besoeke aan die Alliance française se Dibuka-sentrum in Johannesburg en 'n tweejaarlikse opvoedkundige toer na Frankryk (Graad 10/11).

Verder word daar binne kringverband met ander skole wat ook Frans aanbied geskakel en Franstalige kommunikasie tussen leerders word aangemoedig.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

As derde wêreldtaal vanweë dominansie op akademiese, wetenskaplike, administratiewe en diplomatieke gebied en met toenemende globalisering, is Frans 'n uitstekende taal vir leerders wat hul byvoorbeeld in die inligtingstegnologie, ingenieurswese, mediese of regsberoep wil bekwaam. Vertaler, tolk, taaladviseur, onderwyser, toergids, sakepersoon, buitelandse inligtingsdiens, onderhandelaar in ondernemings, lugwaardin, kommunikasiebeampte en buitelandse handel is verdere velde en beroepe waar Frans beslis 'n aanwinst is.

NAVRAE

Gareth Harris

gareth.harris@klofies.co.za

11. MUSIEK

VIDEO

JAZZ ENSEMBLE

MUSIEK-FLUIT

TOELATINGSVEREISTES

Musiek is 'n universiteitstoelatingsvak en tel vir TPT-punte. Musiek as vak is 'n sterk aanbeveling vir stud-ierings soos ingenieurswese omdat 'n voornemende student akademiese veelsydigheid en selfdissipline as gesogte uitkomst vir hierdie vak aanleer.

Dit is ongelukkig nie moontlik vir 'n leerder om in graad 10 eers met Musiek as vak te begin nie; daarom is alle voornemende kandidate onderworpe aan 'n keuringsproses. Leerlinge wat alreeds in graad 8 en 9 Musiek as vak geneem het, word op grond van prestasie in die vak gekeur, andersins word aanbeveel dat 'n leerder op minimum graad 3 praktiese en teoretiese vlak moet wees om sukses te behaal.

'n Addisionele heffing word naas skoolgeld gehef.

Musiek word nie as agtste vak aangebied nie.

BELANGRIK OM TE WEET

Leerders het die opsie om eksterne praktiese en/of teoretiese eksamens van UNISA, Associated Board of the Royal Schools of Music (ABRSM) en/of Guildhall Trinity College of Music af te lê. Slegs een instrument word saam met die relevante teoretiese komponente aangebied, maar leerlinge wat 'n tweede instrument (buitemuurs) neem kan dit ook as deel van die praktiese komponent van die vak aanbied.

Dink hieroor na – leerlinge wat nie 'n voltydse loopbaan in musiek wil volg nie, het die geleentheid om, as deel van 'n algemene skoolastiese opleiding, Musiek in al sy fasette as 'n skoolvak te ervaar. Dit is 'n gulde geleentheid wat in min skole aangebied word. Leerlinge wat wel musiek as loopbaan oorweeg, word hier deeglik voorberei vir hulle musiekstudies. Leerlinge wat klavier as instrument wil neem, moet 'n instrument tuis beskikbaar hê om daaglik op te oefen. Orkesinstrumente is by die skool te huur, maar dit is tot die leerders se voordeel dat elkeen sy eie instrument besit om daaglik op te oefen. Ons beveel aan dat viool of tjello nie eers in graad 10 aangepak word nie, maar sommige blaasinstrumente leen hulself wel daartoe om later te begin.

Musiek as matriekvak word hoog geag wanneer aansoek gedoen word by tersiêre instellings, selfs al word loopbaanrigtings soos medies of ingenieurswese oorweeg. Dit is wyd bekend onder universiteitsakademics dat musiek as vak selfdissipline en selfmotivering kweek.

DOELWITTE

Om kennis op te doen ten opsigte van:

- Voordragtegniek en verhoorgetiket
- Ensemblespel
- Komposisie/verwerking
- Luistervaardighede
- Musiekgeletterdheid
- Algemene musiekkennis

VAARDIGHEDE EN KENNIS

Musiek behels die volgende aktiwiteite in 'n geïntegreerde program:

- Musiekvoordrag: solo- en groepwerk
- Algemene Musiekkennis
- Komposisie, verwerking, improvisasie
- Studie en analise van musiekstyle binne verskillende musiekkulture
- Musiekgeletterdheid
- Musiektegnologie
- Navorsingsprojekte

INSTRUMENTE VIR PRAKTIESE VOORDRAG

- Klavier, sang, kitaar (akoesties en elektries), blokfluit, tromstel.
- Koperblasers: Franse horing, skuiftrumpet, tuba, trompet, eufonium
- Houtblasers: Dwarsfluit, klarinet, hobo, fagot, saksofoon.
- Strykers: Viool, altviool, tjello, kontrabas.

Onderrig in praktiese voordrag vind individueel tydens skoolure en naskools plaas, en instrumentspesialiste word. waar nodig, deelyds gebruik.

VAKAKTIWITEITE

- Leerlinge woon waar moontlik etensuurkonserte by die Universiteit van Pretoria by.
- Konserte soos die Promenadekonsert en Tres Scholarum vind elke jaar plaas.
- Musiekoueraande en voorspeelklasse vir elke graad word in die vorm van 'n konsert aangebied.
- 'n Strykersensemble en ghitaareensemble is deel van die praktiese aktiwiteite, dit is trouens verpligtend vir alle musiekleerders om lid van 'n ensemble te wees.
- Alle leerders wat 'n orkesinstrument bespeel, het die geleentheid om lid van die konsertorkes te wees.
- Besoekende kunstenaars bied op 'n gereelde basis meestersklasse tydens skoolure aan.
- Die Klofie Kunstefees word elke jaar vroeg in die derde kwartaal aangebied.
- Deelname aan eisteddfods en eksterne eksamens word aangemoedig en ondersteun.
- Voltydse personeel is verantwoordelik vir die begeleiding van leerders wat orkesinstrumente bespeel of sang as instrument het.

NAVRAE

Departementshoof: Musiek

Dr. Ronelle Bosman

ronelle.bosman@klofies.co.za

12. VISUELE KUNSTE

TOELATINGSVEREISTES

Leerders moet oor 'n kunsaanleg en kreatiewe vermoëns besik. 'n Minimum vereiste van 60% moet in Skeppende Kunste, in die leerder se graad 9-jaar behaal word. **Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.KURRIKULUM** Ons dinamiese departement is betrokke by 'n uiteenlopende verskeidenheid van kunsteorieë en praktiese komponente wat visuele kunste in ons samelewing vandag beklee.

Visuele kuns bied opwindende en uitdagende leeruitkomstes aan, wat konseptualisering, kunsgeeskiedenis, beeldende kunste, visuele kommunikasie en visuele kultuurstudies insluit.

Teoretiese en praktiese afdelings

Kunsgeeskiedenis in graad 10 en 11 behels die internasionale kunsbewegings vanaf die ontstaan van kuns tot die 20ste eeu se kuns

Graad 12-kunsgeeskiedenis fokus op die kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars, geïntegreerd met 20ste eeuse internasionale kunsbewegings.

Praktiese komponente van visuele kuns sluit 'n verskeidenheid mediums en tegnieke in wat die leerder beoefen en waarin hy/sy spesialiseer.

BENADERINGSWYSE

Die ontwikkeling van 'n fantastiese kunstalent en kreatiwiteit, genotvolle kunsbeoefening, praktiese lesse en teorieklasse. Spesiale erkenning word toegeken aan leerders wat by kunskompetisies presteer, gegee.

VAKAKTIWITEITE

Deelname aan verskeie kompetisies, jaarlikse kunsuitstalling, eisteddfod-deelname, oorsese kunstoere; werksinkels en nog vele meer.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Kunstenaar, modeontwerp, interieurontwerp, argitek, advertensie- en webontwerp, kunsonderwyser, kunskritikus, inligtingsontwerp en nog vele meer.

NAVRAE

Departementshoof: Kunste

Annemarie Grobler

annemarie.grobler@klofies.co.za

13. ONTWERP

VIDEO

In graad 10 (word 'n oorsig gedoen oor die vier hoofontwerprigtings, nl. inligtingsontwerp, produkontwerp, oppervlakteontwerp en argitektuur.

Daar word spesifiek gespesialiseer in inligtingsontwerp

Inligtingsontwerp sluit onder andere die volgende in:

- Logo's
- Advertensies
- Illustrasies
- Plakkate
- Konseptuele (hoe om "fantasy" te doen byvoorbeeld, die film "Avatar")
- Tekentegnieke

TOELATINGSVEREISTES

Kreatiwiteit en ook die vermoë om buite dit wat as normaal gesien word, te kan dink. Entoesiasme speel 'n groot rol, ook liefde vir skep, verf en teken.

Aankoop van sekere materiale soos gouache, potlode, kwaste, ontwerp bord en werksboeke. **Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.**

Daar is twee komponente nl. PRAKTIES EN TEORIE.**PRAKTIES FASE 1**

Die praktiese komponent bestaan uit 'n werksboek waarin al die voorbereiding gedoen word. Dit sluit in breinskrum, verwysingsmateriaal, samestellings, intensie, voorstudies, tonale tekening en refleksie. Hier word ook navorsing oor ontwerp in besigheidskonteks gedoen.

PRAKTIES FASE 2

Dit is die finale produk wat in gouache op ontwerpersbord gedoen word.

TEORIE

In graad 10 en 11 handel die teorie oor:

- Wat is ontwerp?
- Die geskiedenis van die ontwikkeling van visuele kommunikasie en informasie ontwerp
- Kan ontwerp die gemeenskap tot voordeel strek?
- Produkontwerp en bruikbaarheid
- Antieke samelewings en die ontstaan van die alfabet
- Nywerhede en nuwe tegnologie
- Ontwerpbewegings
- Suid-Afrikaanse ontwerpers
- Internasionale ontwerpers
- In graad 12 handel die teorie oor:
- Hersiening van ontwerpbewegings in graad 10 en 11 gedoen
- Ontleding van advertensies
- Suid-Afrikaanse en internasionale ontwerpers
- Die ontwerper se verantwoordelikheid ten opsigte van omgewingskwessies en volhoubare ontwerp

VAKAKTIWITEITE

Daar word aan verskeie kompetisies deelgeneem, waarvoor erkenning gegee word. Die jaarlikse groot Kuns en Ontwerp-uitstalling en vele meer.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

- Reklame-ontwerp, animasie, digitale ontwerp, film en video, grafiese ontwerp, handelsmerk-kommunikasie-ontwerp, industriële ingenieurswese, argitektuur, stedelike en landskapsontwerpers, binnehuisseontwerp, tekstielontwerp, modeontwerp, juweliersontwerp, illustreerders, verpakkingsontwerpers, fotograawe, multimedia, en vele meer.

NAVRAE

Departementshoof: Kunste

Annemarie Grobler

annemarie.grobler@klofies.co.za

14. DRAMATIESE KUNSTE

VIDEO

DRAMATIESE KUNSTE - WAT BEHELNS ONSE VAK?

Om voor 'n groep mense te praat, veral as hulle onbekend is, is seker een van die senutergendste dinge wat daar is. Wat dit soveel meer intimiderend maak, is die wete dat die eindresultaat wat jy, of ander, graag sal wil hê, afhang van die wyse waarop jy jouself gaan uitdruk.

Die primêre doelwit van Klofies se Drama Departement is om ons kinders te help om hulle kommunikasievaardighede en –vermoëns te ontwikkel en te verbeter (wat noodsaaklik is om sukses in elke aspek van die lewe te behaal).

Die doelwit wat egter parallel met bogenoemde loop, is om 'n platform te bied vir leerders wie se passie die verhoog en filmkamera is.

Dit is ook belangrik om te onthou dat Dramatiese Kunste 'n universiteitstoelatingsvak is, wat 'n praktiese en teoretiese afdeling het.

“Talkers have always ruled. They will continue to rule. The smart thing is to join them.” – Bruce Barton

	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Breë onderwerp 1: Persoonlike hulpbronontwikkeling (20%)	<ul style="list-style-type: none"> •Improvisasie en ensemblespel. •Verkenning van stem en verbale kommunikasievaardighede. •Verkenning van fisiese en nieverbale kommunikasievaardighede. <p>Nota: Fokus is op die verkenning van kommunikasie-instrumente.</p>	Improvisasie, werkwinkel en ensemblespel. <ul style="list-style-type: none"> •Stemontwikkeling en verbale kommunikasievaardighede. •Fisiese ontwikkeling en nieverbale kommunikasievaardighede. <p>Nota: Fokus is op die begrip, ontwikkeling, instandhouding en verbetering van vaardighede vir kommunikasie, interpretasie en uitdrukking.</p>	<ul style="list-style-type: none"> •Improvisasie vir aanbieding. •Vokale en fisiese integrasie vir opvoering. <p>Nota: Fokus is op integrasie van alle vaardighede van vertolking, uitdrukking en kommunikasie in die aanbieding van finale programme.</p>
Breë onderwerp 2: Toneelspel en aanbieding (30%)	<ul style="list-style-type: none"> •Handeling en reaksie in individuele werk en groepwerk. •Basiese toneelspelinstrumente (karakter, subteks, interaksie, ruimtelike bewussyn, ens.) in geskrewe en ongeskrewe werk. •Interpretasie van tekste. •Improvisasie- en werkwinkelvaardighede 	<ul style="list-style-type: none"> •Speel 'n karakter in geskrewe en ongeskrewe individuele werk en groepwerk. •Speel binne 'n spesifieke (realistiese/verhewe) styl in geskrewe en ongeskrewe individuele werk en groepwerk. •Fisiese storievertelling. •Tegniese vir gestroopte/Arm Teater. 	<ul style="list-style-type: none"> •Geïntegreerde aanbieding van drie kontrasterende stukke, wat ten minste EEN individuele en EEN groepstuk insluit, in 'n oudisie- of temaprogram. •Toon bemeestering van ten minste DRIE kontrasterende style en vorms (liries, narratief en dramaties) in stukke en/of oorgange. •Demonstreer vokale en fisiese vertolking en karakterisering van tekste.

	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Breë onderwerp 3: Opvoeringstekste in konteks (40%)	<p>Suid-Afrikaanse mondelinge opvoeringsvorms Suid-Afrikaanse werkwinkelteater.</p> <p>Suid-Afrikaanse teatertekste.</p> <p>Westerse/Oosterse opvoering: vroeë vorms Oosprong van teater in rituele.</p> <p>Griekse teater en teks.</p> <p>Commedia dell'arte en teks.</p>	<p>Suid-Afrikaanse teatertradisies Hibridiese aard van Suid-Afrikaanse teater</p> <p>Teater met 'n spesifieke agenda: soos Protesteater, Gemeenskapsteater en Werkersteater.</p> <p>Suid-Afrikaanse teatertekste.</p> <p>Weergewende en Voorstellende teater Realistiese teater en teks. Gestileerde teater en teks, Elisabethaanse.</p>	<p>Kontemporêre Suid-Afrikaanse teater Teater van 1960 – 1994, en teks.</p> <p>Teater van Post-: 1994 tot vandag, en teks.</p> <p>Twintigste eeuse teaterbewegings, en verder Oorsig oor twintigste eeuse bewegings.</p> <p>Absurde teater met geskikte teaterteks.</p>
Breë onderwerp 4: Teater- en/of filmproduksie (10%)	<p>Beginsels en elemente van drama.</p> <p>Basiese ontwerp-elemente. (Die visuele en klankwêreld van die toneelstuk.)</p> <p>Verhoog- en/of filmkonvensies.</p>	<p>Die rol van die ontwerper in teater en/of film.</p> <p>Die rol van die regisseur in teater en/of film.</p> <p>Die produksieproses (insluitend die bemarking van die produksie, ens.)</p>	<p>Integrasie van ontwerp (verwant aan finale aanbieding/opvoering).</p> <p>Die rol van die dramaturg (geïntegreer in die studie van tekste in konteks).</p> <p>Die rol van die gehoor (insluitend die teaterresensent, geïntegreer in die studie van tekste in konteks).</p>

NAVRAE

Departementshoof: Kunste

Annemarie Grobler

annemarie.grobler@klofies.co.za

15. DANSSTUDIES

TOELATINGSVEREISTES

Leerlinge kan nie in graad 10 eers met DANS as vak begin nie, daarom is alle voornemende kandidate onderworpe aan 'n keuringsproses. Leerlinge wat alreeds in graad 8 en 9 dans as vak geneem het, word op grond van prestasie in die vak gekeur, andersins word aanbeveel dat 'n leerder op minimum graad 5 of Intermediate Foundation praktiese vlak moet wees om sukses te behaal. 'n Addisionele heffing word naas skoolgeld gehef.

Dans word nie as agtste vak aangebied nie.

Voldoende talent, fokus en doelgerigheid is 'n voorvereiste. Oudisies word afgelê. 'n Addisionele heffing word naas skoolgeld gehef. Ekstra buitemuurse balletklasse is verpligtend omdat kontaktyd tydens skooltyd onvoldoende is. Leerders moet 'n goeie agtergrond in dans hê in genres soos ballet of modern en moet danseksamens tot op graad 5 vlak of Intermediate Foundation geslaag het.

KURRIKULUM

- Dansvoordrag.
- Choreografie en groepwerk.
- Improvisasie.
- Klassieke ballet vorm steeds die basis van die vak.
- Inheemse danse word tot die sillabus toegevoeg.
- Buitemuurse balletklasse verpligtend.

DOELSTELLINGS:

Die skep en aanbied van dansproduksies vorm 'n belangrike komponent van hierdie vak.

Ontwikkeling van verskillende danstegnieke en dansstyle soos kontemporêr, jazz en ballet - Die leerder moet vaardighede aanleer om haar styl en tegniek te verbeter. So word sy 'n beter danser.
Reflekteer die teorie van dans met betrekking tot musiek, dansgeskiedenis en gesondheidsorg.

Demonstrasie van verskeie kulture se inheemse dansvorme. Die leerder sal op klassieke ballet konsentreer, maar ook kennis bekom en vaardighede van inheemse dansvorme leer.

Om leerders te begelei tot hoër kennisvlakke en 'n grondige insig en begrip van die basiese beginsels van die vak sodat dit hom/haar vir verdere opleiding/studies sal voorberei en toerus.

Dit is ook belangrik om te onthou dat Dansstudies 'n universiteitstoelatingsvak is, wat 'n praktiese en teoretiese afdeling het.

BEROEPSMOONTLIKHED

- Dansonderwyser, Danseksaminator, fotograaf, choreograaf, repetiteur, danser, dansresesent, dansjoernalis, verhoogbestuurder, kostuumontwerper, fisioterapeut, persoonlike instrukteur, pilatesinstrukteur, yogainstrukteur, biokinetikus en vele meer.

NAVRAE

Dansdepartement

Michelle Naude

michelle.naude@klofies.co.za

16. INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP (IGO)

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

- 'n Gesonde belangstelling in teken en ontwerp met 'n besliste tegniese belangstelling.
'n Goeie akademiese rekord met Wiskunde as aanbeveling. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

SPEZIALE VEREISTES

- Leerders wat die vak neem moet die verpligte voorgeskrewe antwoordlêer, handboek, tekengereedskap en tekenbord aankoop alvorens met die vak begin word. Laasgenoemde is by die skool se boekwinkel beskikbaar.

BENADERINGSWYSE

- Voorwerpe uit die omgewing en nywerheidswêreld word gekonstrueer, meetkundig bepaal, drie-dimensioneel voorgestel, ontwikkel, ensovoorts. Fisiese gebruik van tekengereedskap en -bord word vereis.

KURRIKULUM

- Interpretasies, konstruksies, tekenvaardighede, projeksies, prentaansigte, skaaltekene: meganiese samestellings en siviele werkstekene, perspektief en 3D-tekene.
- Blootstelling aan 'n CAD-tekenprogram deur middel van kursusse wat van tyd tot tyd aangebied word.

VAKAKTIWITEITE

Kopieer en vervaardig modelle, bring die praktyk na die klaskamer met behulp van navorsing en praktiese take. Probleemidentifisering en -oplossing. Ontwerpproses en tekenuitlegte.

BEROEPSMOONTLIKHED

Alle ingenieursrigtings, argitektuur, ingenieursontwerper, tekenaar, opmeter, bourekenaar en nog vele meer. Universiteit graadkursusse, uitstekende entrepreneursmoontlikhede soos byvoorbeeld die teken van huisplanne, ontwerp, ensovoorts.

NAVRAE

Departementshoof: Tegnika

SJ Naude

sj.naude@klofies.co.za

17. SIVIELE TEGNOLOGIE

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

Handvaardigheid en 'n goeie insig in tekene en ontwerp.
Dit is 'n vak wat vir universiteitstoelating tel.

SPEZIALE VEREISTES

- Leerders koop hul eie hout en benodighede vir modelle.
- Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en IGO is verpligtend om as vakke saam geneem te word.

BENADERINGSWYSE

Liefde vir boukunde en kabinetwerk word by leerders gekweek en die gebruik van hout word aan die leerders bekendgestel. Handvaardigheid en kennis word ontwikkel sodat die leerder homself kan onderhou. Daar word op die beginsels van die boubedryf en tegnologiese prosesse gefokus. 'n Liefde vir die vak word gekweek met die oog op daaglikse gebruik en vaardighede van byvoorbeeld die instandhouding van jou eie huis, kaste, plaveiwerk, aanbouings, loodgieterswerk, ensovoorts.

KURRIKULUM

Vaardighede om lewenskwaliteit te verhoog, entrepreneurskap, probleemoplossing in die boubedryf, elektriese stelsels, bourekenkunde, toegepaste meganika, ingenieurstekene, siviele tekene, plaas- en metaalwerk, boukunde, pleisterwerk, veiligheid, wetgewing en regulasies, bouterrein, beton, fondasies, beligting, materiale, dakke, ensovoorts.

VAKAKTIWITEITE

Baie tyd word aan die ontwerp en bou van modelle bestee. Praktiese take soos by KURRIKULUM genoem, word ook verrig.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Argitektuur, bourekenaar, konstruksie- en projekbestuur, landmeter, landskapargitektuur, materiale ingenieur, siviele ingenieur, strukture en geboue, mynbou.

WERK- EN ENTREPRENEURSKAP MOONTLIKHEDE:

Basiese bouwerk, loodgietersy, kabinetmaker, skrynwerker, vervaardiging van kombuiskele en installasie daarvan en vele meer.

NAVRAE

Departementshoof: Tegnika
SJ Naude
sj.naude@klofies.co.za

18. GASVRYHEIDSTUDIES

VIDEO

TOELATINGSVEREISTES

'n Beperkte aantal leerders kan toegelaat word na gelang van die beskikbare infrastruktuur. Dit is 'n universiteitstoelatingvak.

SPEZIALE VEREISTES

Leerders is verplig om na-ure prakties tydens restaurantaande te doen.

BENADERINGSWYSE

Stel die leerders in staat om

- vaardig te wees in die voorbereiding van voedsel en om kreatief te wees met die opdien daarvan
- basiese entrepreneurskap in die voedselbedryf te ontwikkel
- kulturele verskille in kulinêre studies aan te spreek en
- om tegnologie tot voordeel van die omgewing, gesondheid en veiligheid van ander mense in die hotelbedryf aan te wend.

Die vak bevorder spanwerk, selfdisipline en onafhanklikheid.

VAKAKTIWITEITE

- Voedselvoorbereiding en diens in die opleidingsrestaurant.
- Uitstappies na instansies wat verband hou met die gasvryheidsbedryf.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Chef de Cuisine, verskillende chefsposisies, hotelbestuur en enige ander betrekking in 'n hotel, buitelandse poste in die hotelbedryf, entrepreneursmoontlikhede soos eie restaurant, koffiehuis, gastehuis, spyseniering, ensovoorts.

Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

NAVRAE

Departementshoof: Gasvryheid en Sosiale studies

Helena Bothma

helena.bothma@klofies.co.za

19. TOERISME

VIDEO PRAKTIES

Dit word ook as 'n agtste vak aangebied. Dit is 'n universiteitstoelatingsvak.

TOELATINGSVEREISTES

Geen. Dit word as 'n agtste vak aangebied. Dit is 'n keusevak in graad 10, 11 en 12.

BENADERINGSWYSE

Prakties en teoreties. Portefeuljewerk wat 'n praktiese komponent insluit.

KURRIKULUM (Graad 10, 11 en 12)

- Toerisme as 'n interverwante stelsel met al die komponente van toerisme, rolspelers in die toerisme-industrie en navorsing oor werks- en beroepsgeleenthede.
- Verantwoordelike en volhoubare toerisme, gemeenskapsdeelname, ontgin toerismepotensiaal in eie gemeenskappe, erfenisterreine en die belangrikheid van kulturele, natuurlike en geskiedkundige erfenis.
- Toerisme-geografie, attraksies en neigings word bestudeer.
- Kliëntediens en kommunikasie, asook 'n professionaliteit in 'n toerisme konteks.
- Bemark binnelandse toerisme en maak toerisme vir alle Suid-Afrikaners toeganklik, tot voordeel van die hele land.
- Wêreldtoerisme-ikone en ligging.
- Vervoerdienste in Suid-Afrika en berekening van reiskoste, buitelandse valuta-berekening.
- Evalueer die Suidelike Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskapslande as toerismebestemmings.
- Aanbieding van globale geleenthede in 'n toerismekonteks.

TOERISME-OORSIG

1. SEKTORE IN DIE TOERISMEBEDRYF
2. KONSEPTE EN VOORDELE VAN TOERISME
3. VERANTWOORDELIKE EN VOLHOUBARE TOERISME
4. BINNELANDSE TOERISME EN TOERISMESTATISTIEKE

INHOUD – GRAAD 9 TOERISME

1. KOMMUNIKASIE IN DIE TOERISME
2. GEOGRAFIESE TEGNIEKE
3. ERFENISTERREINE
4. TOERISME: VEILIGHEID
5. NASIONALE GEOGRAFIESE TOERISME

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Toergids, toeroperateur, bestuur in die gasvryheidsbedryf, ontspanningsbedryf, bewarings- en ekotoerisme, sport- en rekreasiebestuur, avontuurtoerismebedryf.

NAVRAE

Departementshoof: Gasvryheid en Sosiale studies

Helena Bothma

helena.bothma@klofies.co.za

20. LANDBOUTEGNOLOGIE

VIDEO

HOEKOM LANDBOUTEGNOLOGIE?

- Landboutegnologie bied aan leerders die geleentheid om die tegnologiese prosesse toe te pas om sodoende praktiese projekte te kan ontwerp en bestuur. Ook om toerusting te herstel en te onderhou, asook om strukture in die landbouomgewing te ontwerp en bou.
- Die vaardighede wat in die vak verwerf word, is nie net landbougeoriënteerd nie, maar is ook in 'n tegniese omgewing van toepassing.

VAARDIGHEDE SOOS DIE ONDERSTAANDE WORD BEMEESTER:

- Om probleme te identifiseer en op te los deur van die tegnologiese prosesse en relevante wetenskaplike beginsels gebruik te maak.
- Om die veiligheidsreëls en regulasies binne die landbouomgewing, volgens die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) toe te pas.
- Basiese operasionele kennis en die gebruik van landbougereedskap, -toerusting en -masjinerie wat tydens die produksie en prosessering van kos en vesel gebruik word.
- Effektiewe kommunikasievaardighede soos verbale-, geskrewe- en visuele- kommunikasie.
- Effektiewe gebruik van rekenaartegnologie om landboutoerusting te meet.
- Konstruksie, oprigting en onderhoud van landbougeboue en -strukture.
- Onderhoud en herstel van landbouimplemente en -masjinerie.
- Energiebeginsels en hul toepassing in landbou.
- Beplanning, konstruksie en onderhoud van dierehanteringsfasiliteite wat vir effektiewe dierproduksie benodig word.
- Veilige en effektiewe gebruik van landboutoerusting wat in gewasproduksie, tuinbou, boorde en wingerde gebruik word.
- Voergewasse en bosbou.
- Beplanning, ontwerp en onderhoud van makro- en mikrobeproeïing en akwaponiese sisteme.
- Kalibrasie en berekeninge in die landbouomgewing.

Geskikte vakkombinasies in 'n skool wat nie suiwer landbougerig is nie:

Wetenskap en Wiskunde word NIE vereis NIE (Wiskundige geletterdheid is voldoende)

VERPLIGTE VAKKE	KOMBINASIE 1	KOMBINASIE 2	KOMBINASIE 3
Taal 1: Taal van onderrig en leer	Landboutegnologie	Landboutegnologie	Landboutegnologie
Taal 2: FAL / HL	IGO	Besigheidstudies	Fisiese Wetenskappe
Wiskunde / Wiskundige Geletterdheid	Besigheidstudies	RTT	Lewenswetenskappe
Lewensoriëntering			

OMVANG VAN DIE VAKINHOUD:

- Veiligheid: Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, werkswinkelscenario, vuurvoorkoming, elektriese veiligheid
- Materiale/strukture: metale, hout, geboue, konstruksie, heinings
- Energie: elektries, gemotoriseerd, alternatief (wind en son), bio-energie
- Konstruksieprosesse: boogswais, sagte soldering, harde soldering
- Alle toerusting relevant tot die bogenoemde
- Besproeiing: pompe, sisteme, dreinerings
- Kommunikasie: die gebruik van IT, rekenars, ensovoorts
- Sketse: vrye hand, IGO, interpretasie van bouplanne
- Sagteware tekenprogramme, ontwerp
- Meting/berekening: totaal van materiale en verwante kostes

BELANGRIKHEID VAN DIE VAK VIR DIE LEERDERS

- Leerders word met skaars vaardighede toegerus.
- 'n Uitgebreide keuse werksgeleenthede word vir die leerders beskikbaar.
- Tersiëre opleiding is nie nodig nie – die leerders kan dadelik, na skool, die beroep betree.
- Daar word voorsiening gemaak vir leerders wat praktiese onderrig verkies.

NAVRAE

Nico Pretorius

nico.pretorius@klofies.co.za

10. ALPHA WISKUNDE (SLEGS AANGEBIED AS AGTSTE VAK)

Tel nie vir universiteitstoelating nie, word nie vir TPT-telling gebruik nie.

Presteer jy in Wiskunde? Wil jy graag meer weet van komplekse getalle, differensiasie, integrasie, radiaal-maat, trigonometrie, matrikse, vektore en ander baie mooi wiskunde? Sê jy ja, dan wil ons jou uitnooi om in graad 10 Alpha Wiskunde as buitekurrikulêre vak te neem. Alpha Wiskunde (vroeër Addisionele Wiskunde genoem) is 'n vak wat vir drie jaar aaneenlopend aan leerders met 'n besondere belangstelling in Wiskunde aangebied word. Indien jy daaraan dink om verder te studeer in 'n studierigting soos inge-nieurswese, statistiek, analise, toegepaste wiskunde, rekenaarwetenskap of aktuariële en handelsrigtings, moet jy dit ernstig oorweeg.

Die prestasie behaal in graad 12 word nie op die GDO-sertifikaat gemeld nie. 'n Addisionele sertifikaat word wel uitgereik en is van onskatbare waarde vir verdere studie in die wiskunde- en wetenskapwêreld.

Die klasse word privaat aangebied deur mnre. Manie van Rensburg en Fanus Vorster. Handboeke is beskikbaar.

Rekeningbesonderhede sal tydens die eerste klas aan leerders wat vir die vak inskryf, gegee word.

As wiskunde jou passie is, sal Alpha Wiskunde jou bekendstel aan 'n hele nuwe wiskunde-wêreld.

Die neem van Alpha Wiskunde in graad 8 en 9 is nie 'n voorvereiste nie.

NAVRAE

Departementshoof: Wiskunde

Estelle Oberholzer

estelle.oberholzer@klofies.co.za

11. NASKOOLSE OPLEIDINGSVEREISTES
11.1 VEREISTES VIR TOELATING TOT TERSIËRE ONDERRIG

GROEP A	GROEP B
Afrikaans Huistaal	Fisiese Wetenskappe
Engels Eerste Addisionele Taal /	Lewenswetenskappe
Engels Huistaal	Rekeningkunde
Wiskunde OF	Ekonomie
Wiskundige Geletterdheid	Besigheidstudies
Lewensoriëntering	Inligtingstegnologie
	Rekenaartoeëpassingstegnologie
	Geskiedenis
	Geografie
	Dramatiese Kunste
	Visuele Kunste
	Ingenieursgrafika en -Ontwerp
	Musiek
	Frans (Tweede Addisionele Taal)
	Dansstudies
	Ontwerp
	Siviele Tegnologie (Konstruksie)
	Toerisme
	Gasvryheidstudies
	Landboutegnologie

• Verdere minimum persentasies:

Vir graadstudie (Universiteitstoelating)

- 50% in vier van die vakke (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Moet 40% in Afrikaans Huistaal behaal.
- Bepaalde fakulteitsvereistes is van toepassing.

Vir diplomastudies

- 40% in enige vier Nasionale Senior Sertifikaatvakke (Lewensoriëntering uitgesluit).
- Moet 40% in Afrikaans Huistaal behaal.
- Moet 30% in Engels Eerste Addisionele Taal behaal – 30% in ander vak.

Vir sertifikaatstudies

- 40% behaal in Afrikaans Huistaal.
- 40% twee ander vakke.
- Moet ten minste 30% in drie ander vakke behaal.

Let wel

Wanneer die TPT bereken word, word drie verpligte vakke (LO uitgesluit) en drie keusevakke uit die totale vaklys in berekening gebring. Die prestasievlakpunte moet vir die TPT-totaal bymekaar getel word.

PRESTASIE-AANDUIDERS:		
Prestasiepersentasie	Prestasievlak	Prestasievlak
80 – 100	7	Voldoen uitmuntend
70 - 79	6	Voldoen met meriete
60 - 69	5	Voldoen volgens standaard
50 - 59	4	Voldoen bevredigend
40 - 49	3	Voldoen
30 – 39	2	Voldoen gedeeltelik
0 – 29	1	Nie bereik nie

MINIMUM SLAAGVEREISTES:

Vir die Nasionale Seniorsertifikaat: 40% vir huistaal, 40% in twee ander vakke en 30 % vir 'n verdere drie vakke.

11.2 Universiteit

- Al die universiteite het bepaalde fakulteitsvereistes waaraan voldoen moet word. Dit behels onder andere bepaalde minimum persentasies wat per vak vereis word.
- Sommige kursusse is onderworpe aan keuring.
- Ouers en leerders moet hulle deeglik vergewis van bogenoemde vereistes.
- Volledige inligting met betrekking tot die toelatingsvereistes is op die onderskeie universiteite se webwerwe en in hulle prospektusse beskikbaar.

11.3 Universiteit van Tegnologie (vroeër Technikon)

- Die minimum toelatingsvereistes vir 'n Nasionale Diploma (driejarige kursus) is 'n Nasionale Seniorcertifikaat (Graad 12) met minstens 40% in vier vakke.
- Keuring is by sekere kursusse van toepassing.
- Sekere kursusse vereis minimum persentasies in bepaalde vakke.

11.4 Onderwyseropleiding

- Onderwyseropleiding geskied in samewerking met die universiteite.
- Bepaalde keuringsvereistes is van toepassing.

11.5 Ander akademiese instellings

- Daar is verskeie ander akademiese instellings waar leerders verdere opleiding kan ondergaan.
- Sommige instellings vereis universiteitstoelating. Sekere kursusse het 'n oorbruggingsfase indien 'n voornemende student nie oor universiteitstoelating beskik nie.
- Studente moet hulle vooraf deeglik daarvan vergewis of die diploma/sertifikaat waarvoor hulle inskryf, geakkrediteer is en/of by SAQA geregistreer is en in watter mate hulle erkenning vir die betrokke kwalifikasie gaan kry.
- Vereistes van 'n Kollege vir Verdere Onderwys en Opleiding (tradisionele tegniese kollege) vir tersiêre opleiding is laer.

Webadresse van tersiêre opleidingsinstansies:

Potchefstroomse Universiteit	www.nwu.ac.za
Universiteit van Pretoria	www.up.ac.za
Tshwane Universiteit van Tegnologie	www.tut.ac.za
SETA: Vakleerlingskap	www.merseteta.org.za
Centurion Akademie	www.ca.ac.za
SOL-TECH	www.sol-tech.co.za
Akademia	www.akademia.ac.za

Inligting kan ook van www.careerhelp.org.za verkry word.

ALGEMEEN:

1. Jy kies nie nou 'n beroep nie.
2. Kies 'n **vakpakket** wat **geleenthede** vir die toekoms kan bied.
3. Elke individu se **belangstellingsveld** moet in ag geneem word.
4. Indien die **aanleg nie sterk is nie** (kyk na vakkeuse-assessering) en spesifieke **vakke** is nodig vir **toekomsstudie**, moet die leerder **ekstra hard werk**, met moontlike ekstra klasse.
5. As daar reeds 'n belangstelling in 'n beroepsveld is, gaan kyk in tersiêre instansies se jaarboeke wat die studiekursus se vereistes is.
6. As daar reeds 'n **belangstelling** in 'n beroepsveld is, gaan doen vroeg genoeg skaduwark by 'n firma om seker te maak dit is werklik die loopbaan wat gevolg wil word. (In graad 11 en 12 is daar te min tyd om skaduwark te doen.)
7. Op die volgende skakel het die Universiteit van Pretoria, 'n baie nuttige brosjure rakende vakkeuses vir graad 10: <http://www.up.ac.za/af/juniortukkie/article/2208963/grade-10-subject-choices>





AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Voltooi 'n gehalte
kwalifikasie in

AFRIKAANS

VOLTYDSE STUDIE
OP
CENTURION-KAMPUS

met aktiewe studentelewe

NAURSE STUDIE
BY SENTRUM OF
VIA E-LEER

ideaal vir persone wat wil werk en studeer

Studieaansoeke vir 2024 is reeds oop

KONTAK JOU STUDENTEWERWER

Carmen Pienaar
carmenm@akademia.ac.za | 0861 222 888

www.akademia.ac.za



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderrysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

SKAKEL: <https://bit.ly/425PytZ>